Ampie Swanevelder
Posbus 28005
SONLANDPARK
1944
E-pos: swanevel@vaal.lia.net

Prof. Willie,

Ek het al oor baie jare die drang om vir u te skryf. Om een of ander rede het ek nog nooit so ver gekom nie. Ek het vanoggend `n resensie van u nuwe boek gelees. Ek gaan hom vandag soek. Ek het alles wat u geskryf het al gelees en geherlees en luister gereeld na kassette wat ek nog van Kweekskool-tyd van u het.

Die doel van hierdie briefie is om net my diepste dankbaarheid en waardering uit te spreek vir die invloed wat u oor die jare gehad het en steeds het op my lewe, my teologie en my prediking.

As ek eerlik moet dink oor die inhoud van my prediking (teologie) dan is die grondslag en inhoud daarvan hoofsaaklik aan u te danke. Op Kweekskool het ek u lesings "ingedrink" en in die bediening het u boeke en kasette vir my gedurig maar die riglyn gevorm waarvolgens ek kon dink en praat. Die Pinksterreeks hierdie jaar het ek gehou na aanleiding van die kassette van `n sinodale konferensie wat u in Natal gehou het oor die onderwerp: "die vryheid in Christus deur die Heilige Gees".

Dit was dikwels my wens en begeerte om meer of eerder al u preke te kon hê. Die vier bundeltjies wat ek het is te min. Dit is nie dat ek dit klakkeloos napreek nie, maar dit spreek so tot my gees dat dit vir my absoluut stimulerend en inspirerend is.

Ek wou net graag vir u sê, indien u ooit sou wonder oor die effektiwiteit van u bediening en getuienis dat daar iemand is wie se lewe en denke u ingrypend geraak het deur u lesing, geskrifte en voorbeeld. Dis asof ek daarin die Here self tot my hoor spreek.

Ek sal die Here ewig dankbaar wees vir iemand soos prof. Willie Jonker. Die enigste ding wat ek berou is dat ek u nie beter kon leer ken en meer van uself kon hoor en meer van u denke op skrif kon hê nie.

Nogmaals dankie

Ampie